

# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 38e Uitgawe 25 April 2014 saam met Koersvas 38



## Prioriteite

Hulle sit en staan in rye, geduldig. Hulle wag, al grommel hulle soms, totdat dit hulle beurt is. Hulle is bereid om baie te betaal, hulle sal selfs dink dat dit buitensporig baie is, en tog sal hulle betaal. Hulle betaal dit aan die dokters, hospitale en apteke. Hulle betaal groot bedrae in mediese fondse in, want “jy weet nooit wanneer jy gaan siek word nie en hospitale is so duur”. Hulle betaal dit, want “jou gesondheid is al wat jy eintlik het”.

Dieselfde “hulle” is somer gou ongeduldig omdat die dominee so lank gepreek het, of hul raas met die kategeet omdat die klas so lank aangehou het. Dieselfde “hulle” vat na die kleinste munt of laagste denominasie noot in die beursie vir die deurkollekte sakkie en gee dieselfde minimalistiese offergawe wat in 2007 al ‘n klein bedraggie was.

Die Skietlood het dit nie teen die mediese bedryf nie. Ons is baie dankbaar vir die onbaatsugtige diens wat baie mediese personeel verrig. Ons juig ook oor die vordering wat daar gemaak is in die genesingswetenskap. Daardie grense word telkens getoets en gewone mense kry die voordeel van pioniers soos Chris Barnard se navorsing en toewyding.

Die probleem wat Skietlood wil aanspreek is ons as mense en ons prioriteite. Dit is waar dat ‘n mens se gesondheid belangrik is. Dit is waar dat ons as mense voordeel trek uit vordering in die mediese veld. Ons leef

langer en ons lewensgehalte is beter en verbeter telkens.

Die vraag is net of ons die relatiewe waarde van gesondheid besef. Ons leef langer, maar nie vir ewig nie. Selfs die sterkste, gesondste, rykste, oudste mens kom tot sterwe. Geen mediese vordering kan dit verhoed nie. Ons lewensverwagting is juis dit; ‘n verwagte lewensduur hier op aarde voordat ons tot sterwe kom. Na die dood is dit ‘n ewigheid met God, of die ewige verdoemenis wat wag. Medisyne kan net hier, vir ‘n tydjie help.

Aan die ander kant is dit waar dat God nie ons geld nodig het nie. Ons kan nie ons saligheid koop nie. Ons kan niks doen om ons saligheid te verkry nie, dit is genade in Jesus Christus naam.

*Romeine 11:33 – 36 O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! "Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad? Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?" Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid! Amen.*

Offergawes en dade wat ons toewyding wys, is daarom niks meer as dankbare reaksie nie. Dieselfde mens wat hier op aarde lewe, is dankbare ontvanger van die ewige lewe. Ons is met ander woorde burgers van hierdie wêreld, maar ook van die koninkryk van God.

Ons is hier vir 'n wyle, ons is by God vir ewig.

Teen hierdie agtergrond kom die Skietlood nou met sekere vrae:

Moet ons prioriteite ten opsigte van tyd, geld en toewyding nie ons koninkryk status reflekteer nie? Moet ons met ander woorde nie ons tyd en geld anders spandeer nie? Daar word van niemand verwag om nou skielik in 'n klooster te gaan woon en in 'n armoedige bestaan al sy dae hier op aarde te slyt nie. Die lewe hier op aarde is 'n wonderlike gawe uit God se hand. Ons moet die lewe geniet, soos die Prediker ons aanmoedig om te doen. Die Prediker herinner ons darem ook dat ons moet onthou dat ons aan God verantwoording moet gaan doen.

Dit kom neer op die regte prioriteite bepaal en dan daarvolgens handel. Ons tyd en moeite moet ons prioriteite reflekteer.

Dit beteken dat geen diens te lank sal wees nie, geen tyd by die kerk spandeer as vermorsing van tyd beskou sal word nie. Geloof roep tot toegewyde optrede, wat insluit die Here met toewyding dien in die erediens en by die kerk en oral waar ons gaan.

Ons is slegs rentmeesters van die skatte wat ons hier op aarde kan versamel. Ons uitdeel van hierdie skatte (geld), moet ook ons ewigheidsbesef weerspieël. Betaal vir goeie gesondheid, maar gee ook genoegsame fondse vir die instandhouding van die kerk, die verkondiging van die Evangelie en die versorging van hulle wat sukkel.

Ons tydindeling moet ook ons burgerskap van die ewigheid reflekteer.

Ons grootste skat wat ons aan ons kinders kan gee, is nie 'n ruim erfporse of 'n goeie opvoeding nie. Ons grootste geskenk aan ons kinders is geloof en daarmee saam die ewige lewe. Ons moet tyd belê in geloofsgesprekke, tyd belê in katechese.

Die Skietlood vra: hoedanig is jou prioriteite? Jy beweer dat jy alles feil het vir die Here. Reflekteer jou besteding van tyd en geld hierdie ingesteldheid?